“WIE IS ONS”

Ons is ’n Christus gesentreerde gemeenskap van gelowiges wat die Heilige Gees byeengebring het, meestal uit die westelike dele van Durban.

- Ons volg Jesus Christus as Koning soos wat Hy ons lei deur die Heilige Gees en die Bybel wat ons in geheel aanvaar as die onfeilbare Woord van God.
- Ons fokus ons gebruike om relevant te wees vir ons omstandighede en die mense wat ons met die liefde van Christus bedien.
- Ons roeping is om die blye evangelie uit te dra na hulle wat die hoop in Christus nog nie deel nie, en om die gelowiges te begelei en op te bou in die volle belewing en uitlewing van hierdie blye verlossingsboodskap.
- Ons bely die geloofsleer soos dit in die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en Dordtse Leer reëls uiteengesit is omdat dit ooreenstem met die Bybel.
- Ons het ’n gereformeerde (presbiteriale) kerk regering en het kerklike eenheid in die Gereformeerde Kerke van Suid Afrika (GKSA) as ’n selfstandige plaaslike kerk.

“WAT LEER ONS (1)”



- Ons is ’n sigbare liggaam van Christus in die gemeenskappe waar ons leef.

“WAT LEER ONS (2)”



- Ons absolute fondament is die hele Bybel as Heilige en onfeilbare Woord van God waarin God homself aan die ons openbaar en alles wat nodig vir ons om te weet. Alleen die Heilige Skrif (Sola Scriptura).
- Ons versoening met God is uit Genade Alleen (Sola Gratia) en in Christus Alleen (Solus Christus) en deur Geloof Alleen (Sola Fide). Absoluut alles is tot die Eer van God Alleen (Soli Deo Gloria).
- Ons glo dat die genoemde belydenisskrifte ooreenstem met die Bybel en daarom gebruik kan word as kompas om die Bybel reg te verstaan.
- Ons handhaaf die gereformeerde (of presbiteriale) kerkregering deur ouderlinge en die selfstandigheid van die plaaslike kerk.

“WAT LEER ONS (3)”

- God is die Almagtige Koning van alle sigbare en onsigbare dinge. Soos alle mense op aarde is ons van nature rebelle wat nie onder sy heerskappy wil wees nie, maar ons wil self konings wees.

“WAT LEER ONS (4)”



- Aanvanklik was die mens goed geskape en het in harmonie met God gelewe. Maar ons sonde om self konings of gode te wil wees dompel ons in die put van die ewige dood in die hel, as verdiende bestemming vir alle mense.
- Alle pogings om onsself daarvan te verlos of om op enige ander te vertrou, behalwe Jesus Christus alleen, is nutteloos.
- Uit genade alleen betaal Jesus Christus al die sondeskuld van elkeen wat in Hom alleen glo.
- Deur geloof alleen verkry ons Jesus Christus se volkome geregtigheid om in hierdie lewe reeds weer met God te wandel tot in ewigheid.
- Absoluut niks en niemand kan hierdie genadepad van God keer, weerstaan of ongedaan maak nie.

“WAT LEER ONS (5)”



- God is liefde en Hy bewys dit volledig in Jesus Christus deur wie Hy gelowiges se harte omkeer en herstel om in selfopofferende liefde teenoor God en ander mense te leef.
- Die oorvloedige liefde wat ons van God ontvang, loop oor sodat ons met God se liefde met ander lewe.
- Ander mense reageer op verskillende maniere teenoor ons, maar hulle reaksie bepaal nie ons denke of optrede teenoor hulle nie. Ons bly teenoor hulle lewe vanuit die oorvloedige liefde van God wat ons ontvang het.
- Selfs wanneer ander se reaksie negatief is en seermaak, dan is dit bloot ’n groter geleentheid om die oorvloed van God se liefde vir ons ten toon te stel.

“WAT LEER ONS (6)”



- Ons is dissipels van Jesus Christus wat onsself verloën en opoffer om Hom te volg.
- Sy opdrag aan ons om ander dissipels te maak en te leer het ’n netwerk van dissipels tot gevolg wat dissipelskap doelbewus aan mekaar en ander ’demonstreer’ en wat ander dan weer lei om dit te ’dupliseer’.
- Iemand demonstreer dit aan my en ek dupliseer dit deur weer aan iemand anders te demonstreer, wat dit weer dupliseer ens.
- My dissipelskap is langs en saam met die dissipelskap van ander in ons gemeente.
- Ons gemeente se dissipelskap is langs en saam met die dissipelskap van ander buite ons gemeente wat ook in Jesus Christus alleen glo en sy dissipels is.

“WAT LEER ONS (7)”

- Al is ons reeds voor God gereverdig deur die verdienste van Jesus Christus waaraan ons deur geloof alleen deel kry, moet ons lewens nog verander om al meer te lyk soos Jesus Christus.
- Hierdie groei in ons geloofswerke is nie uit onsself nie, maar dit is vrug van die Heilige Gees se voorsiening in ons wat ons die wil gee en die vermoë om in verantwoordelike gehoorsaamheid te reageer.
- Alles in ons lewe fokus daarop om God as ons enigste Koning te eer.

“WAT LEER ONS (8)”

- God se koninkryk word sigbaar in die gemeente en die gemeenskap deur die manier waarop ons in verhoudinge met mekaar en ander lewe.
- Al is geloof is vir ons ’n baie persoonlike saak, is dit nie ’n private saak nie. Die Woord roep ons juis op om te getuig van God en om mekaar te bemoedig en aan te moedig in ons geloofslewe.
- Ons leef ons geloof uit in verhoudings met mekaar in die gemeente en buite die gemeente. Juis ook met mense wat nie glo nie sodat ons deur ons verhoudings Jesus aan hulle kan tentoonstel.
- Die verhoudings is nie staties nie en wissel van tyd-tot-tyd afhangende van omstandighede.
- Die onderlinge verhoudings binne die gemeente en met ander buite die gemeente wissel in persoonlike diepte Binne die gemeente

“WAT DOEN ONS (1)”




Liefde
God
Genade pad
Dissipelskap
Koninkryk
Geloofsgroei
Sigbare Koninkryk
GK Pinetown
Bybel,
Belydenis